



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

®

BELEID OOR GESAMENTLIKE EN DUBBELGRADE OP MEESTERS- EN DOKTORALE VLAK MET BUITELANDSE UNIVERSITEITE

Verwysingsnommer	2P/2.8.4
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunk-Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
Beleideienaar	Direkteur: Navorsingsondersteuning
Verantwoordelike afdeling	Navorsingsondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	31 Julie 2015
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2017
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Geen
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE:\2. Management\2.1.3 Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\2P-2.8.4_Joint and double degrees_a.docm

BELEID OOR GESAMENTLIKE EN DUBBELGRADE OP MEESTERS- EN DOKTORALE VLAK MET BUITELANDSE UNIVERSITEITE

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor Gesamentlike en Dubbelgrade op Meesters- en Doktorale vlak met buitelandse universiteite op 31 Julie 2015.

2 Omvang van toepassing

Hierdie beleid geld vir alle samewerkingsgrade op meesters- en doktorale vlak waar 'n student vir 'n gesamentlike of dubbelgraad wil inskryf in programme wat deur deelnemende buitelandse instansies goedgekeur is, met dien verstande dat:

- die betrokke regsvereistes van die deelnemende buitelandse instansie en die betrokke regsvereistes van die statute en beleide van die NWU en van Suid-Afrika (die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, soos gewysig) nagekom sal word; en
- die akademiese vereistes van die deelnemende instansies nagekom sal word.

3 Begripsomskrywing

- a. 'n Gesamentlike graad spruit uit 'n internasionale akademiese samewerking tussen twee of meer instansies aan 'n gesamentlik gedefinieerde en algeheel gedeelde studieprogram wat op 'n gesamentlike graad uitloop. Dit beteken dat alle deelnemende instansies vir die hele program verantwoordelik is en nie net vir hul eie, afsonderlike gedeeltes nie.¹
- b. 'n Dubbelgraad spruit uit 'n internasionale akademiese samewerking tussen twee of meer instansies aan 'n gesamentlik gedefinieerde, maar gedeeltelik gedeelde studieprogram waarvan sekere spesialisafdelings afsonderlik deur elk van die deelnemende instansies gedek word, terwyl ander afdelings gedeel word en dus tot 'n dubbelgraad lei. Dit beteken dat deelnemende instansies verantwoordelik is vir hul eie, afsonderlike gedeeltes (wat wedersyds deur die deelnemende instansies erken word), maar 'n gedeelde verantwoordelikheid het wat betref die gedeelde gedeeltes van die program.
- c. Deelnemende instansies sal na die NWU verwys en die deelnemende instansie soos in die cotulle-ooreenkoms genoem (in Bylae B).

4 Beleid

Die Universiteit se beleid bepaal dat:

Die NWU, in samewerking met buitelandse (internasionale) universiteite, gesamentlike en dubbelgrade op meesters- en doktorale vlak mag toeken aan studente wat die vereistes van sulke grade nagekom het, met dien verstande dat:

- die betrokke regsvereistes van die deelnemende buitelandse instansie en die betrokke regsvereistes van die statute en beleide van die NWU en van Suid-Afrika (die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997, soos gewysig) nagekom sal word;
- dit slegs binne bilaterale ooreenkomste (dws tussen NWU en 'n oorsese universiteit of tussen NWU en 'n konsortium van universiteite) toegeken word;

¹ <http://www.uib.no/education/collaboration/uibs-involvement-in-joint-degrees-and-programmes/central-concepts-and-definitions>, 2010

- die akademiese vereistes van die deelnemende instansies nagekom sal word; en
- gesamentlike studieleiding vir elke kandidaat sal volgens 'n cotutelle-ooreenkoms tussen die deelnemende instansies en die kandidaat plaasvind (sien aangehegde templaar in Bylae B).

Hierdie beleid word in ooreenstemming met die betrokke riglyne, reëls en prosedures wat geformuleer en van tyd tot tyd aangepas word, toegepas. (Sien Bylae A en B)

REÛLS EN RIGLYNE VAN DIE BELEID: GESAMENTLIKE EN DUBBELGRADE OP MEESTERS- EN DOKTORALE VLAK MET BUITELANDSE UNIVERSITEITE

1 Aanhef

Die NWU ken gesamentlike en dubbelmeesters- en -doktorsgrade aan 'n kandidaat toe by suksesvolle voltooiing van 'n gesamentlike program daargestel deur die deelnemende instansies. Dit word gekenmerk deur:

- a. Gesamentlike studieleiding vir elke kandidaat soos per cotutelle ooreengekom ('n templaaf is in Bylae B aangeheg);
- b. 'n Graad toegeken vir een meesters- of doktorsgraad, met verlening van die reg om die onderskeie nasionale titels te gebruik; en
- c. Die gesamentlike of dubbelgraad sal in die vorm van twee graadsertifikate, in 'n formaat wat ten tyde van die toekenning vir die deelnemende instansies toelaatbaar is, toegeken word;

- ÓF

een van elke deelnemende instansie, met 'n aanduiding op elke graadsertifikaat dat dit die produk van gesamentlike studieleiding was en dat die twee graadsertifikate na 'n enkele graad verwys, met die naam van die deelnemende instansies duidelik daarop aangebring sodat dit nie verkeerdelik vir twee afsonderlike grade aangesien kan word nie,

- ÓF

(onderhewig aan goedkeuring deur die onderskeie deelnemende instansies se senate en rade ten tyde van die toekenning) reik gesamentlik 'n graadbylaag uit met die name en logo's van die deelnemende instansies, die handtekeninge van die instansies se verteenwoordigers (die Rektor, Visekansellier en Registrateur), die volle naam van die kandidaat (insluitende geboorteplek en -datum), die name van die onderskeie kwalifikasies soos deur die deelnemende instansies toegeken, die titel van die proefskrif en die datum waarop die student die graad by elk van die deelnemende instansies verwerf het.

2 Doelstellings

- a. Die dryfveer agter die beleid is 'n gemeenskaplike begeerte na die uitbreiding van navorsing, wetenskaplike samewerking en die mobiliteit van navorsers deur die toekenning van gesamentlike/dubbelgrade as produk van gesamentlike studieleiding en sertifisering. Dit maak voorsiening vir meesters- en doktorsgrade in enige vakgebied waarin beide deelnemende instansies die reg het om programme aan te bied.
- b. Die beleid ondersteun die NWU se Raamwerk vir Internasionalisering, wat ten doel het om:
 - i. NWU-studente voor te berei vir diens sowel as leierskap in 'n toenemend interafhanklike wêreld;
 - ii. die NWU as gesogte hoëronderwys- en navorsingsinstansie van wêreldgehalte, wat toonaangewende akademië en vakkundiges van regoor die wêreld lok, te vestig.
 - iii. die NWU as internasionaal-erkende universiteit van aansien te posisioneer.

3 Leidende Beginsels

- a. 'n Cotutelle-ooreenkoms (in die vorm van Bylae B) moet vir elke kandidaat opgestel word waarin die vakgebied, kandidaat se naam, name van die studieleiers en ander sake ten opsigte van die kandidaat se studieprogram en die koste daaraan verbonde, aangedui word.
- b. Die dekane van die deelnemende instansies se betrokke fakulteite – met ondersteuning van die Internasionale Kantore van die onderskeie instansies en in oorleg met die kandidaat – kom ooreen oor en hanteer reëlins tog finansies, maatskaplike sekerheid, versekering, visum, ens. Hierdie reëlins word

omvattend in elke kandidaat se cotutelle-ooreenkoms gestipuleer in die formaat aangedui in Bylae B (hierby aangeheg).

- c. Alle vennote sal poog om in wese 'n gelykwaardige, maar nie noodwendig 'n gelykwaardige, bydrae tot die kandidaat se supervisie te lewer.
- d. Deelnemende Instansies: Ooreenkomste tussen deelnemende instansies sal gelei word deur:
 - i. Passing met die visies en missies van die deelnemende instansies;
 - ii. Toevoeging van waarde tot deelnemende instansies;
 - iii. Deelnemende instansies se beskikking oor die vereiste kundigheid en toepaslike infrastruktuur in die veld waarin die gesamentlike of dubbelgraad onderneem word;
- e. Studieleiding (vir navorsing)
 - i. Die kandidaat sal navorsing doen onder leiding van 'n studieleier van elke deelnemende instansie.
 - ii. Die studieleiers sal die wetlike reg hê om die rol van studieleier in hul onderskeie tuisinstansies te vervul.
 - iii. Die studieleiers onderneem om die volle omvang van hul rol – soos in die regulasies van die deelnemende instansies aangedui – te vervul, en om mekaar in die vervulling van hul rolle as studieleiers te ondersteun.
 - iv. Die studieleiers sal gereeld oor die vordering van die kandidaat se navorsingsprojek beraadslaag.
 - v. Die studieleiers sal toesien dat die kandidaat sy/haar navorsing doen tydens genoegsame tydperke by elke deelnemende instansie.
 - vi. Die studieleiers sal gesamentlik besluit oor die hoeveelheid tyd wat by elke Universiteit spandeer sal word.
- f. Reëls betreffende die kandidaat:
 - i. Die kandidaat kan die studie-/navorsingstydperke by elk van die deelnemende instansies aaneen spandeer of afwissel.
 - ii. Die kandidaat en studieleiers moet gesamentlik oor die studie-/navorsingstydperke oorleg pleeg en tot 'n vergelyk kom wat dan in elke kandidaat se cotutelle-ooreenkoms gestipuleer word. Die kandidaat sal sy/haar studie-/navorsingstyd verdeel/spandeer ooreenkomstig die skedule waartoe die deelnemende instansies ingestem het. Die presiese reëlings wat betref die verblyf sal deur die studieleiers in oorleg met die kandidaat vasgestel word.
 - iii. Reis- en verblyfuitgawes sal in elke kandidaat se cotutelle-ooreenkoms gespesifiseer word.
- g. In gevalle van mede-outeurskap van die kandidaat, geld die bepalings van die cotutelle-ooreenkoms vir elke kandidaat.
- h. Reëlings om intellektuele eiendom wat as gevolg van hierdie ooreenkoms gegeneer word, te beskerm en te verdeel, sal aan beide deelnemende instansies se Reëls vir Intellektuele Eiendom en die wetgewende raamwerk van beide nasionale regerings moet voldoen. Die deelnemende instansies se algemene uitgangspunt is dat hulle gelyke vennote is in enige intellektuele eiendom wat uit spesifieke navorsing onderhewig aan die cotutelle-ooreenkoms gegeneer word, en dat hulle in goeder trou en op armlengtebasis met mekaar oor die voortsetting en kommersialisering daarvan sal onderhandel.
- i. Kopiereg: die uitslae van navorsing deur die kandidaat sal ewe beskikbaar wees aan die deelnemende instansies wat hierdie ooreenkoms vir publikasiedoeleindes onderteken. Die produksie van die verhandeling-/proefskrifonderwerp sowel as die publikasie, aanwending en beskerming van die uitslae van die navorsing waarin beide deelnemende instansies 'n aandeel het, moet redelikerwys en met nakoming van die prosedures van elke instansie en land gekommunikeer word om sodoende die ander deelnemende instansie die geleentheid te gee om VOOR publikasie daarvan kommentaar te lewer oor inhoud wat vertroulik is, moontlik nadelig vir die instansie se reputasie, of andersins sensitief mag wees.
- j. 'n Gesamentlike eksamineringskomitee vir proefskrifte/verhandelinge sal in oorleg en onderhewig aan die vereistes van beide deelnemende instansies aangestel word. Die voorsitterstoel sal gevul word deur 'n lid van die komitee wat 'n vol professoraat in 'n aanverwante vakgebied by enige van die deelnemende instansies beklee.

k. Die gesamentlike proefskrif-/verhandelingskomitee is verantwoordelik vir die eksamineringsproses en die voorbereiding van 'n aanbeveling wat by die deelnemende instansies se Senate (of ekwivalente akademiese liggame) sal dien.

l. Die NWU tel studente wat vir gesamentlike en dubbelgrade ingeskryf is as vol meesters- en doktersgraadstudente van die universiteit in die geval van navorsingsgrade en gee hierdie getal deur HEMIS aan die Departement van Onderwys deur. Uitsonderings mag bv in die geval van 'n gedoseerde meestersgraad gemaak word indien 'n subsidie slegs vir NWU-modules geëis mag word, maar daar ten volle vir die proefskrif/verhandeling geëis mag word indien dit onder gesamentlike studieleiding voltooi is.

COTUTELLE-OORENKOMS(KONSEPPRESEDENT)

Hierdie Ooreenkoms sit die samewerkingsriglyne

Tussen

Vrije Universiteit Amsterdam (VUA), De Boelelaan 1105, Amsterdam, Nederland, hiermee verteenwoordig deur sy Rektor, Prof Dr LM Bouter

en

Noordwes-Universiteit (NWU), Kantoor van die Institusionele Registrateur, Gebou C1, Borchardstraat 53, Potchefstroom, Suid-Afrika, hiermee verteenwoordig deur sy Adjunkvisiekanselier: Prof Frederik van Niekerk

hierna genoem 'die Deelnemende Instansies' in hierdie dokument vir die gesamentlike studieleiding van die proefskrif van:

Naam van kandidaat _____

1. Toelating

Dit is 'n voorwaarde dat die doktorsgraadkandidaat aan die toelatingsvereistes van elk van die twee Deelnemende Instansies voldoen en reeds toegelaat is/toegelaat gaan word tot 'n goedgekeurde doktorsgraadprogram by beide Deelnemende Instansies.

2. Befondsing

Die kandidaat se doktorale opleiding word soos volg befonds:

3. Georganiseerde akademiese opleiding

Die kandidaat se program (projek, teoretiese sillabus, ens) sal die vereistes/regulasies van beide Deelnemende Instansies se doktorsgraadprogramme nakom.

4. Titel van proefskrif

Die twee Deelnemende Instansies keur 'n gesamentlike reëling vir 'n doktorsgraad en 'n gesamentlike proefskrif goed, met die verdediging van laasgenoemde by 'n disputasie. Die titel van die verhandeling:

5. Registrasie

Die doktrale kandidaat moet by die twee Deelnemende Instansies registreer vir die ooreengekome tydperk:

Vanaf _____ tot _____

Dit sal moontlik wees om die navorsing binne die ooreengekome tydperk af te handel met 'n netto tydperk van 3 jaar wat aan die kandidaat se doktorsgraadopleiding gewy word. Slegs by uitsondering mag die duur verleng word. Dit mag slegs gedoen word op versoek van beide hoofstudeleiers en indien die twee Deelnemende Instansies ten gunste daarvan is. So 'n versoek moet 3 maande voor die verstryking van die ooreengekome tydperk gedoen word. Die besluit moet in 'n bylaag tot die huidige ooreenkoms geformuleer word.

6. Studeleiers

Die kandidaat moet ten minste een studeleier by elke instansie hê. Beide studeleiers is verantwoordelik vir die vordering van die doktorsgraadwerk.

Van VUA:

Naam, studeleier _____ is die gesamentlike/hoofstudeleier.

Van NWU:

Naam, studeleier _____ is die gesamentlike/hoofstudeleier.

Die studeleiers onderneem om 'n gesamentlike adviseursfunksie met betrekking tot die doktorsgraadkandidaat uit te voer ingevolge die huidige regulasies van elke instansie. Hulle onderneem ook om mekaar op gereelde basis te raadpleeg wat betref die vordering van die navorsing.

7. Verblyf en navorsingstydperke aan die Deelnemende Instansies

Die doktorsgraadkandidaat beplan om sy/haar tyd aan beide Deelnemende Instansies as volg te spandeer:

VUA, vanaf, _____ tot _____ NWU, vanaf, _____ tot _____

8. Werksruimte

Die kandidaat is geregtig op 'n werkspasie by beide Deelnemende Instansies in die tydperke wanneer hy/sy daar teenwoordig is.

9. Verslagdoening

Die kandidaat en studieleiers lewer aparte jaarlikse vorderingsverslae aan beide Deelnemende Instansies.

10. Verhandeling

Die verhandeling sal in Engels of 'n ander taal waaroor beide Deelnemende Instansies ooreenkom, geskryf en verdedig word. Die logo's van beide Deelnemende Instansies sal op die verhandeling aangebring word en die cotutelle-verhouding sal duidelik op die omslag/titelblad aangedui word.

11. Openbare verhandeling

Beide Deelnemende Instansies neem kennis van die feit dat geen beperkinge geplaas mag word op openbaarmaking en publikasie van die uitslae of van die verhandeling nie. Waar die kandidaat die enigste outeur van die doktorsgraadverhandeling is, het hy/sy alleen kopiereg op die werk. Waar die doktorsgraadverhandeling bestaan uit 'n versameling artikels en 'n opsomming, sal die kandidaat alleen kopiereg hê op die gedeeltes wat die produk van sy/haar onafhanklike pogings is.

12. Aanwending van die uitslae

Beide Deelnemende Instansies sal die reg op gebruik van die uitslae en die verhandeling hê vir onderrig- en navorsingsdoeleindes. Afsonderlike ooreenkomste sal aangegaan word vir werk wat tot patente mag lei.

13. Aanstelling van beoordelingskomitee

Die beoordelingskomitee sal volgens die samewerkingsooreenkoms tussen die Deelnemende Instansies aangewys word.

14. Disputasie

Die verhandeling sal verdedig word soos ooreengekom in die samewerkingsooreenkoms tussen die Deelnemende Instansies.

15. Graad

Nadat die graad Philosophiae Doctor (PhD) verwerf is, sal die Deelnemende Instansies 'n gesamentlike doktorsgraad toeken. Die gesamentlike graad sal deur middel van twee graadsertifikate in 'n formaat wat ten tyde van die toekenning vir beide deelnemende instansies aanvaarbaar is, toegeken word; OF een van elke deelnemende instansie, met 'n aanduiding op elke graadsertifikaat dat daar gesamentlike studieleiding was en dat die twee graadsertifikate gesamentlik na 'n enkele dokument verwys met die naam van elke Deelnemende Instansie pertinent daarby genoem sodat dit nie voorkom asof twee aparte grade gesertifiseer is nie, OF (onderhewig aan goedkeuring deur die Deelnemende Instansies se afsonderlike senate en rade ten tyde van die toekenning) reik gesamentlik 'n graadbylaag uit met die name en logo's van die deelnemende

instansies, die handtekeninge van die instansies se verteenwoordigers (die Rektor, Visekansellier en Registrateur), die volle naam van die kandidaat (insluitende geboorteplek en -datum), die name van die onderskeie kwalifikasies soos deur die deelnemende instansies toegeken, die titel van die proefskrif en die datum waarop die student die graad by elk van die deelnemende instansies verwerf het. Die Deelnemende Instansies sal elk 'n graad/diploma aan die kandidaat oorhandig wat in Latyn of Engels geskryf is. Die kandidaat moet 'n verklaring teken wat lui dat die verhandeling aan geen ander universiteite (buiten dié waarvan in die ooreenkoms melding gemaak word) vir graadkwalifikasiedoeleindes voorgelê is nie.

16. Diploma / Sertifikaat

Elkeen van die twee Deelnemende Instansies sal 'n eie diploma/sertifikaat uitreik. Die diploma/sertifikaat en/of 'n bylae sal duidelik maak dat dit 'n cotutelle-graad is.

17. Finansiële vergoeding

Elke instansie sal geregtig wees op die finansiële vergoeding wat 'n instansie in die betrokke land vir 'n doktorsgraad ontvang.

Soos ooreengekom deur:

Studieleier by Vrije Universiteit Amsterdam

Prof Dr _____ Posisie: _____

Datum: _____

Handtekening: _____

Studieleier by NWU

Prof Dr _____ Posisie: _____

Datum: _____

Handtekening: _____